

9 November

Skrifgedeelte: Johannes 18:28-19:16

Fokusgedeelte: Johannes 19:1-7

Die Onskuldige word skuldig verklaar

Die Koning van die wêreld, Jesus Christus, kom te staan voor 'n wêreldse goewerneur, Pontius Pilatus. Die Romeinse goewerneur besef dat Jesus nie skuldig is nie. Dit verklaar hy oor en oor, maar hy probeer op patetiese wyse die verantwoordelikheid van sy standpunt ontduik. Jesus word inderdaad onskuldig doodgemaak. Die magte van die Satan word teen Jesus gemobiliseer in die leuens en die bespotting waaraan Hy blootgestel was: 'n valse klag word teen Hom gelê (Hy was wel die Koning, maar Hy het nie die keiser bedreig nie omdat Hy oor die sonde heers en mense daarvan verlos); Hy word ge gesel en ontvang 'n doringkroon en 'n sogenaamde koninklike mantel wat spottend wys na dit wat Hy werklik was. 'n Rebelse misdadiger is vir die Jode van meer waarde as Jesus! Uiteindelik word daar twee aanklagte teen Jesus gebring: Hy beweer dat Hy 'n Koning is (en die Romeinse wet oortree) en dat Hy Hom as Seun van God voorgedoen het (en die Joodse wet oortree). Al twee was waar, maar dit het Hom nie skuldig gemaak nie. So ly Hy as Seun van God ons Koning onskuldig. Besef opnuut dat Hy dit alles vir jou gedoen het. Aanvaar in geloof die genade van God dat Hy al ons sondes op Hom gelaai het. Hierdie geloof in Sy lyding vir jou is die basis van jou geloof in jou Verlosser. Dank Hom dat Hy dit vir jou gedoen het.

Sing: Skrifberyming 8:1

Wyle dr AGS Venter (Randburg-Oos)